Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Forrer SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Forrer SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 14 MAART 1945 No. 16.

## Amajuba-Terrein Vir Proefnemings

### O.B. NEEM DAADWERKLIK DEEL IN STRYD OM VELDBEWARING

*Die Ossewabrandwag is reeds besig om die stryd aan te knoop teen die vyand van ons vaderlandsbodem — grondverspoeling. Hierdie stryd vind plaas nie in woorde nie, maar in sweet en arbeid.*

*In gevolge 'n brief aan die Departement van Landbou en Bosbou waarin die O.B. se dienste aangebied word in die stryd teen erosie, is die stafoffisier van die Boerejeug in kennis gestel dat die Departement voortaan praktiese voorligting sal verskaf waar die Boerejeug en O.B.-wag laertrekkings hou. Deel van die kursus wat die laergangers moet ondergaan, is veldbewaring. Op alle laertrekkings word lesings oor die onderwerp gehou en nou is daar reëlings getref dat 'n beampte van die Departement praktiese voorligting sal gee op die reeks laertrekkings wat gedurende Maart, April en Mei staan gehou te word.*

*Afgesien van hierdie onderneming is daar ook 'n aanbod aan die Departement gedoen om die terrein van Amajuba, wat in O.B.-besit is, te gebruik vir proefnemings in verband met veldbewaring. Aangesien hierdie terrein sowel berg- as vlakte-veld en sowel soet as suur dele het, word dit as besonder geskik geag vir dergelike proefnemings.*

*'n Amptenaar van die Departement het dan ook reeds 'n besoek aan die berg gebring en was hoogs ingenome met wat daar al in hierdie rigting deur die Ossewabrandwag tot stand gebring is. Daar is besluit dat hoofkomdt. A. P. van Heerden van die Boerejeugstaf voortaan permanent te Amajuba sal woon om toesig oor die terrein te hou. Daar sal ook gereeld laertrekkings van die Ossewabrandwag en die Boerejeug gehou word om hul kragte te wy aan hierdie belangrike proefnemings. Die hutte en kampgeriewe wat deur die Boerejeug op die terrein aangebring is, sal tot bskikking gestel word van diegenâ wat die kursus wil ondergaan.*

*Die Ossewabrandwag, wat reeds etlike jare besig is met sy veldbewaringsbeleid by Amajuba, is die eerste beweging wat uit die volk self daadwerklike aandag aan hierdie vraagstuk geskenk het. Ook tans weer neem hy die leiding deur sy dienste tot beskikking te stel in die diens van ons land.*

### UITNODIGINGS

In sy toespraak te Bellville (kyk bladsy twee) het die Adjunk-kommandantgeneraal verwys na uitnodigings wat gerig is aan die leiers van die nasionaalgesinde politieke groepe. Geen verdere besonderhede is verstrek nie, maar verneem word dat die uitnodigings skriftelik aan die onderskeie leiers gerig is.

### GROOT LAWAAI DOG WEINIG WOL

,,Die huidige aanduidings is dat die parlement ten minste tot laat in Meimaand sal sit. Lede is buitengewoon spraaksaam, en in die ses weke wat die volksraad tot dusver gesit het, is maar stadig gevorder''.—Cape Argus.

## OSSEWABRANDWAG SAL WEN

### — Adjunk-K.G. op Roodepoort

'n Aangename verrassing het die offisiere van die kommando Roodepoort (Witwatersrand) tebeurt geval op 21 Februarie, toe hulle besoek is deur die Adjunk-K.G., wat ter elfder ure 'n uitnodiging van genl. Grobler, Stafhoof van Gebied E. aanvaar het en hom vergesel het na die vergadering.

**In 'n besielende rede het die Adjunk-K.G. daarop gewys dat die toekoms vir die Ossewabrandwag en daarom ook vir die Afrikanerdom 'n skitterende oorwinning in die skoot dra.**

Op die platteland heers algemene ontevredenheid omdat die Regering die produsente en die verbruikers kontroleer en nie die mildelmanne nie.

Ook in die groot stede ontwikkel ontevredenheid in die werkersgeledere weens die haglike ekonomiese verdrukking waaronder die werkers gebuk gaan. Die werkers wat hul belange probeer beskerm het deur middel van vakunies, het geleer uit die onlangse geskiedenis dat 'n werkersorganisasie wat nie by hul Volk ingeskakel is nie, 'n lekker skyf is vir die kapitalis.

**'n Bondgenootskap tussen die Boer en die Werker is dus onvermydelik en in hierdie bondgenootskap lê vir ons Volk opgesluit dieselfde oorwinning wat ons in 1924 behaal het.**

Voorts het die Adjunk-K.G. daarop gewys dat slegs 'n partylose organisasie soos die O.B. vir die Volk iets van blywende waarde tot stand kan bring.

,,Genl. Smuts kan nie bestaansveiligheid aan die teruggekeerde soldate besorg nie, want die maatreëls wat daarvoor noodsaaklik is, sal indruis teen die belange van groepe en persone van wie se stemme die Eerste Minister se party afhanklik is vir die magsposisie. Ewe magteloos sal sy Majesteit se Opposisie wees, want hulle staan op dieselfde basis, die stembus. Slegs een organisasie in S.-A., nl. die O.B. kan hierdie land van ondergang red,'' het die A.K.G. verklaar.

,,As enigiets vir hierdie Volk gedoen moet word dan moet ons saamwerk,'' het die Adjunk-K.G. besluit. ,,Ons sal, indien nodig, van die ou stelsel gebruik moet maak ,om hom 'n uitklophou toe te dien en 'n nasionale sosiale gesagstaat in sy plek te vestig.'' — (Ingestuur).

## ISACOWITZ SE MENSE BEDANK

Twee Johannesburgse afgevaardigdes na die onlangs gehoue kongres van die ,,Springbok Legion'' in Kaapstad, het bekend gemaak dat hulle bedank as lede van die ,,Legion''. Hulle is sir G. Albu en mnr. A. E. P. Robinson. Hulle het verklaar dat hulle in die Legion 'n organisasie gesien het wat die belange van die oudsoldate moes behartig, maar op die konferensie het geblyk dat dit niks anders as 'n kommunistiese politieke organisasie onder dekmantel van oud-soldate-belange is nie. Sy rigting is so verregaande, ook wat betref gelykstelling met nie-blankes, dat hulle verplig voel om te bedank.




A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

SASBANK
*Verrig Volksdiens!*
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

● Hou hierdie advertensie dop vir aankondigings van alle pas-verskene Afrikaanse Boeke.

●

ROOIDAG EN AANDGLOOR
deur Paula — 8/6, posgeld 6d.

BOODSKAP UIT DIE NAG
deur Anette Mocke—6/6, posgeld 4d.

DIE PAD VERDER (herdruk)
deur Elise Muller—6/6, posgeld 4d.

EK 'N SAMARITAANSE VROU
(herdruk)
deur Elise Muller—6/6, posgeld 4d.

DIE BERGHAAN — 6/6, posgeld 4d.
Nuwe Springbok-Biblioteek

●

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Posbus 29, — Stellenbosch.

# „Kanse Op Oorwinning Nog Nooit So Goed" — Genl. Smith

***„Die tyd was nog nooit so ryp vir 'n ekonomiese omwenteling onder leiding van die Ossewabrandwag as vandag nie, en hierdie omwenteling sal bewerkstellig word deur middel van buiteparlementêre optrede", het Adjunk-kommandant-generaal J. A. Smith, verlede Donderdag voor 'n groot gehoor op Bellville verklaar.***

***Die vergadering is gelei deur genl. G. Retief, en geopen met gebed deur komdt. J. A. Strauss. Die O.B.-orkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel het weer soos gewoonlik puik musiek gelewer. Daar is by dié geleentheid ook formeel afskeid geneem van jeugkomdt. P. J. Taljaard, wat benoem is tot stafhoof van die Boerejeug met staanplek te Potchefstroom.***

Genl. Smith het verwys na die pleidooie vir samewerking kort gelede in Die O.B. en het sy teleurstelling uitgespreek dat daar juis nou van die kant van die H.N.P. bevel gegee word dat O.B.-lede van 1 Mei af uitgeskop moet word uit die party. „Dit skep die indruk dat hierdie mense nie met u wil saamwerk nie". Gelukkig is dit nie die volk wat so dink nie, maar net enkelinge, en daarom bestaan die hoop dat die begeerde eenheid nog spoedig verkry sal word. Die Ossewabrandwag het juis so pas uitnodigings gerig aan al die leiers van politieke groepe wat teen die regeringsparty is, om 'n breë volksfront te stig.

Die weg tot ons vryheid lê beslis nie langs die partypolitieke stembus nie, het genl. Smith beklemtoon en gevra hoe oorwinning behaal kan word wanneer jy op stemme bou en dan nog republikeine uitwerp uit jou geledere. Dit is niks anders as bedrog nie. Gelukkig is die toestande vandag so dat mense wat nog teer op volksverdeeldheid, eerlang gedwing sal word om samewerking te soek. Daarom stel die Ossewabrandwag nou alle pogings in die werk om groepe wat op parlementêre gebied teen mekaar veg, hoewel hulle eners voel, te verenig tot een groot front.

## GROOT GELEENTHEID

Ten spyte van alles wat gebeur, gaan die Afrikanervolk die dinge verwesenlik waarna hy streef. Nog nooit was die kanse op oorwinning so groot as vandag nie. In 1914 was daar bittere verdeeldheid en in 1918 het Duitsland die oorlog verloor, maar in 1924 het nasionalisme oorwin, hoewel dit nog met die gebrekkige party-middel geskied het. Daarom was die oorwinning nie grondig en duursaam nie. Maar vandag het die volk 'n Ossewabrandwag en het hy 'n magtige pers, as almal maar net wil saamstaan en die party-verdeeldheid verwerp.

Spr. het verwys na die beleid van Kruger tydens die anneksasie van Transvaal. Hulle het toe geweier om saam met die veroweraar in dieselfde landsbestuur te dien, maar het in plaas daarvan die volk gemobiliseer tot verset. En dit was hierdie gemobiliseerde volkswil wat agter Amajuba gesit het, wat die oorwinning besorg het. Daarom wil die Ossewabrandwag vandag die volk voorberei en dissiplineer om enige middel te gebruik wat die omstandighede bied vir bereiking van sy ideaal. Daarom is hy ook bereid om by die stembus te veg, maar dan as 'n volk en nie as 'n party wat teen ander volksgenote veg nie.

## BUITE PARLEMENT

Nogtans is spr. volledig oortuig dat die oorwinning behaal gaan word deur buiteparlementêre optrede, en daarvoor is die kanse so gunstig soos nog nooit tevore nie. Die O.B. het die idee laat posvat van ek is my broer se wagter. Hierdie gedagte word al selfs deur die kapitaliste nagesê, so sterk het dit geword. Maar hulle is onmagtig om dit uit te leef, en maak 'n gemors daarvan soos blyk uit hulle beheer-stelsel van die voedsel. Jy het 'n volledige omwenteling nodig om hierdie ideaal te verwesenlik. Vandag ly die volk honger te midde van oorvloed en word lewensmiddele nog vir vreemdes uitgevoer. Hierdie dinge gaan die O.B.-gedagte steeds sterker maak, en die omstandighede gaan die verwerpers van ons beginsels nog naak laat staan. Die O.B. het vandag die beste brein op ekonomiese gebied wat die leiding aangee. Amptenare wat so pas deur die regering uitgeskop is, vind hulle tuiste in ons ekonomiese raad.

Almal dink al vandag eners oor die sosiale vraagstukke, en dit is nog net wanneer die leiers en organisasies teen mekaar gestel word, dat daar getwis word. Hierdie eenheid buite die partypolitieke getwis, sal 'n magtige faktor word om die omwenteling teweeg te bring. As voorbeeld van 'n dergelike omwenteling, maar op politieke gebied, noem spr. die stryd om die goudstandaard. Genl. Hertzog was beslis om dit te handhaaf en hy was bereid om die spekulasiewinste te konfiskeer, dog toe het die boerebevolking begin eis dat van goud afgestap moet word. Dit was nog maar net 'n buite-parlementêre eis en die twee partye het in mekaar se arms geval — 'n politieke omwenteling. Dit was 'n poging om partyverdeeldheid te bowe te kom ten einde die hoof te bied aan ekonomiese ontwrigting.

En vandag? Vandag is die kanse nog veel gunstiger om deur buiteparlementêre optrede die regering te skud tot in sy fondamente. Hierdie ekonomiese omwenteling met die O.B. en sy planneraad vooraan, sal kom uit die boerebevolking en aansluit by die arbeiders om so te groei tot een groot mag. Na die vorige oorlg het die boere nog die arbeiders gaan skiet toe hulle in verset gekom het. Hierdie keer gaan hulle onder O.B.-leiding saamwerk en oorwin.

Elke dag vorentoe word die omstandighede meer gunstig vir hierdie buite-parlementêre optrede. Ons sal binnekort 'n blad in elke provinsie hê, en ook het die O.B. reeds masjinerie bestel vir 'n dagbladpers. „Besef u u krag, besef u u voorregte en geleenthede en besef u u plig in sulke omstandighede?" het genl. Smith geeindig.

# O.B.'s Moet Ander Maand Kies

Al die takke van die H.N.P. in Kaapland is deur die sekretaris in kennis gestel dat hulle die bepaling dat geen O.B.-lid lid van die party mag wees nie, tussen 1 Mei en 15 Junie moet uitvoer.

Die Kruithoring, wat hierdie aankondiging doen, verklaar dat Nasionaliste wat nog lid van die Ossewabrandwag is, gevra sal word „of hulle nou bereid sal wees om op politieke en vaderlandsgebied trou te wees net aan die Nasionale Party". Persone wat hierdie keuse nie ten gunste van die H.N.P. wil doen nie, se name sal met die reorganisasie, wat in hierdie tyd uitgevoer word, nie weer opgeneem word nie.

„Daar is geen kwessie van wegjaag of uitskop van hierdie lede — die beslissing berus in elk geval by die persoon self", verklaar die blad!

# Kan Nie Regeer

Mnr. Dirk Hertzog van Pretoria skryf:

In die Desember-aflewering van 'Kort en Goed' skryf die redakteur, dr. Hjalmar Reitz, 'n stukkie oor ene Senator Bilbo, burgemeester van die Amerikaanse hoofstad Washington. Ek haal aan daaruit: „......die boere was bitter daarteen gekant sodat hulle selfs sovêr gegaan het om die dipbakke met dinamiet te verniel. Maar Bilbo het pal gestaan en hulle moes dip. Wel, toe hy hom hierdie keer weer as Goewerneur verkiesbaar stel, het al die boere teen hom gestem.

„Eienaardig is dit dus, dat toe hy werklik 'n stap gedoen het wat in belang van die staat was, dit hom die verkiesing gekos het".

Die geagte skrywer noem dit „eienaardig". Persoonlik beskou ek dit as tipies van hoe 'n staatsman met enige mate van verantwoordelikheidsbesef deur die demokrasie verongeluk word. Dit is omtrent so verstandig as om te verlang dat 'n pa sy kind se goedkeuring moet kry om hom kasterolie in te gee as hy siek is.

Of dit nou 'n bevel is om te dip teen bosluise in Amerika, of grond te bewaar teen verspoeling in Suid-Afrika, of belastings te betaal op oorwinste waar ookal, geen maatreël wat nie onmiddellike resultate laat blyk, sal ooit populêr genoeg wees om vir jou gemiddelde versigtige demokratiese politikus 'n veilige proposisie uit te maak nie.



GOEIE GEREEDSKAP...
is onmisbaar vir goeie werk.
U toekomstige welvaart het ook „goeie gereedskap" nodig —
'n Sanlam-polis
SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

# Staatsbeleid Kan Nie Langer Deur Onkundige Praters Bepaal Word

**„Ons kan nie meer toelaat nie dat die politiek sal bestaan uit 'n onderlinge stryd tussen partye wat daarop toegespits is om mekaar uit te oorlê in plaas van gesamentlik die staatswerk te bevorder", verklaar prof. L. J. du Plessis, leier van die O.B. se ekonomiese front, in onderstaande artikel in Die Vaderland.**

Terwyl ons dit oor die toekomstige ordening van ons samelewing grotendeels eens is, behalwe dat sommige meer radikaal dink as andere, is daar tog nog groot verskil oor die politieke organisasie wat daarby pas.

Veral is daar baie wat nog dink dat ons die nuwe nasionale samelewing en die nuwe sosiale ekonomie kan verbind met die bestaande politieke masjinerie.

Die redes vir hierdie opvatting is dan b.v. dat hierdie masjinerie aansluit by ons volksverlede mits ons 'n paar vreemde uitwasse verwyder, of dat dit as gevolg van die huidige oorlog seëvierend die toekoms sal ingaan.

Altwee hierdie redes is egter sonder vaste grond: die parlementêre partystaat is selfs in sy republikeinse vorm nie 'n suiwere vrug van ons volksverlede nie, maar grotendeels 'n produk van die Franse en Amerikaanse rewolusie-invloede van die 18e eeu. Ook is dit nie vir die toekoms versekerd nie. Inteendeel, in hierdie krisistyd werk dit alleen nog omdat dit nie meer werk nie, nòg in Engeland, nòg in Amerika, nòg ook in Suid-Afrika.



Prof. L. J. du Plessis wat so pas benoem is tot leier van die Ossewabrandwag se ekonomiese front, sê: „Ek het finaal gekies".

**WEN VELD**

En meer en meer begin die gevoel veld wen dat dit nie meer kan werk nie. Selfs ons Suid-Afrikaanse regering se hervormingsgesinde amptenare en ondersteuners begin blykbaar besef dat al hulle pragtige hervormingsplanne gesaboteer word deur die onbeteuelde en verwarde teëstand van botsende belangegroepe wat kapitaal en stemme beheer.

Wel is daar waardevolle elemente in die ou stelsel wat ons nie graag sou wil prys gee nie, soos die reg van 'n man om sy eie lewe in sy eie kring te lei, die reg van allerlei gesonde instellinge en organisasies om hulle eie bestemming na eie aard uit te lewe, die reg van die volk om invloed op sy regering uit te oefen en ontslae te raak van ongeskikte gesagdraers.

Maar groot veranderinge is noodsaaklik. Ons kan b.v. nie meer toelaat nie dat die politiek sal bestaan uit 'n onderlinge stryd tussen partye wat daarop toegespits is om mekaar uit te oorlê in plaas van gesaamlik die staatswerk te bevorder. Nog minder kan toegelaat word dat enige inwoner van die land geregtig sal wees om seggenskap uit te oefen in die volkspolitiek terwyl hy moontlik 'n onverbiddelike volksvyand en 'n permanente volksvreemde is.

Verder kan die staatsbeleid van die toekoms nie meer bepaal word deur onkundige parlementêre praters nie, maar alleen deur persone wat bewys gelewer het dat hulle in enige vertakking gesaghebbend en persoonlik intiem betrokke is.

Die noodsaaklike omsetting van ons samelewing sal vereis 'n vaste hand, 'n helder hoof en 'n onverdeelde hart, maar ook 'n noue saamwerking en volle onderlinge vertroue tussen die staatshoof met al sy ondergeskiktes en die volk as geheel in sy verskillende lae en vertakkinge.

**VOLKSLEIER NODIG**

Dit beteken dat ons 'n volksleier nodig het en 'n volksbeweging wat as eenheid met hom saamwerk, om die politieke eenheidsbeleid uit alle vertakkinge van die volkslewe te voed en weer in al daardie vertakkinge toe te pas.

So-iets kan ons alleen kry wanneer die ou politieke organisasie finaal sy bankrotskap bewys het en die nood van die nuwe tyd tot gesaamlike krisisaksie dwing; en dit sal kom, nee, dit is alreeds op koms.

Immers, om ons maar tot Suid-Afrika te beperk, dit is duidelik dat die huidige regering besig is om inmekaar te stort, en ongetwyfeld sal die eerste windvlaag van die naoorlogse ellende die proses voltooi.

En wat dan? Op sy kunstigste vir die bestaande stelsel kan die opposisie dan die regering oorneem. Maar hoe lank sal dié bly staan, gesien die feit dat hy, afgesien van tydelike „volmagregering" op oorlogsmodel en die miskien moontlike vervanging van goewerneur-generaal deur president, beloof om die bestaande politieke stelsel in stand te hou?

Dit beteken tog seker dat hy geen kragtige stap sal durf doen nie, uit vrees vir die opposisie van binne- en buiteland. En as die moeilikhede dan aangroei, soos seker sal gebeur, is 'n tussenverkiesing voldoende om hom in duie te laat stort, as daar nie al eerder 'n rewolusie uitgebreek het nie.

Maar as hy nie daarin slaag om die bestaande regering te vervang nie, dan is daar geen parlementêre opposisie meer wat kan intree nie; dog slegs een of ander rewolusionêre kombinasie wat sterk sosialisties gekleur sal wees, en dié sal seker wel baie gou die parlementarisme opdoek.

**PLANREGERING**

Een of ander planregering is dus onvermydelik om in die naaste toekoms orde uit die komende chaos te skep. Die vraag vir ons is maar net om daardie planregering so gesond moontlik te maak.

En daarvoor is daar veral twee weë oop, wat tegelyk bewandel kan word. Die een is om die nasionaal-gesonde elemente ryp te maak vir die nuwe tyd wat aksie sal vereis in allerhande vorme en van baie radikale aard, ryp vir nuwe dinge soos die ou Romeine gesê het, en om hulle geleidelik vir die aksie-tyd te konsolideer en om dieselfde elemente te organiseer vir eenvormige parlementêre aksie die oorwinning kan behaal nie, maar tog een van twee dinge kan verseker, nl. òf die opposisie verhinder om te gou aan die mag te kom — wat alleen heilsaam kan werk in die eind-resultaat — of hulle dwing tot 'n gesamentlike aksie waardeur die eleksie gewen kan word met die doel om die hele parlementarisme langs konstitusionele weg op te ruim, sodat die pad oopgemaak kan word vir die noodsaaklike hervorming, wat in genl. Hertzog se reeds genoemde boodskap soos volg saamgevat word: „Herskepping op die basis van 'n Christelik-Nasionale, Republikeinse gesagstaat...... volgens beginsels...... van 'n Suid-Afrikaans-nasionale en -sosiale aard, wat sig aanpas by die ......opvattinge...... van die Afrikanervolk en wat streef na die hoogste en mees algemeen uitgebreide mate van volksgeluk en volkswelvaart, beide geestelik en stoflik."

Ten slotte word die leser versoek om aan te neem, wat waar is, nl. dat die skrywer hiervan geen Smutsiet of Hertzogiet of Malaniet is nie, geen politikus of nasionaal-sosialis nie, maar 'n professor in staats- en regsleer wat nog nooit iets anders wou wees as Afrikaner, Republikein en Calvinis nie, maar wat op die versoek van dr. Malan om te kies tussen die Herenigde Nasionale Party en die Ossewabrandwag sonder twyfel finaal laasgenoemde gekies het.

## *Word Ons Vleis in See Gegooi ?*

**Terwyl huisvroue urelank in lang toue voor die slaghuise in Kaapstad staan ten einde 'n stukkie vleis vir die huisgesinne in die hande te kry, spoel die see stukke vleis op diestrande van Tafelbaai uit.**

**Dit is die getuienis van mense wat beweer dat hulle self gesien het hoe dat die branders die vleis aan die seestrande uitlewer.**

**Dit blyk uit navraag dat meer vleis aan skepe gelewer word as wat verbruik kan word. Die vleis wat op die strande uitspoel, is glo ou voorrade wat oorboord gegooi word wanneer varse ingeskeep word.**

**Sou dit waar wees dat die Smuts-Partybewind die Afrikanervolk sy vleis ontneem ten einde VRATE-voorrade aan Empire-skepe en -troepe te voorsien?**

## KOMDT.-GENERAAL OP STELLENBOSCH

Die Kommandant-generaal en die Adjunk-kommandant-generaal spreek Saterdag, 17 Maart, om 8 n.m. 'n vergadering toe in die stadsaal van Stellenbosch.


**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

***BOLAND BOTTELSTOOR***

**HOOFSTRAAT 73**

**P A A R L**

**Foon 984**

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

**Excelsior Wyne en Brandewyne**

VLAKTEPLAATS-STASIE.
Posbus 1 — Foon 902
Tel. Adr.: EXCELSIOR.

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

P R Y S L Y S :

| | Per Bottel in Kissies van 12 Bottel | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie (Soeterig) | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Pepperment) | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| **HANEKRAAI** (Cocktail) | 4/- | — |
| **MOSKONFYT** | 1/6 | 6/6 (in karbas alleen) |

**GELIEWE DAAROP TE LET.** Kliënte kan voorsien word van enige aantal bottels van enige soort wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt egter, word net in 12 bottels en 4 gelling hoeveelhede verskaf.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT, andersins sal bestellings na die naaste stasie gestuur word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie 10/- per karba en 5/- per kissie en bottels. Genoemde bedrae sal vergoed word sodra leë houers in goeie toestand terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEË HOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE.**

**IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?**
Bring dit na ons en sien die resultaat ! !

**ROELOU BARRY (Edms. Bpk.**

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.

Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.
Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.
VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

**Afgesien van moeilike omstandighede het ons groot voorrade wat ons instaat stel om die kieskeurigste man te voorsien van 'n netjiese pak klere.**

# VAN ZYLS

**DIE KLEREMAKERS**

# DIE PAARL

*Alombekend vir hul opregte en billike behandeling*

*Skryf om maatvorms.*

DIE O.B., WOENSDAG, 14 MAART 1945.

# Maatstaf Uit Engeland

„Ek is nie bereid om toe te laat dat Brittanje beperk word tot minder as sy onmiddellike veiligheidsreserwes aan voedsel en olie behalwe in gevalle waar hulle sekerlik en spoedig vervang kan word nie", het Churchill kort gelede in die Britse parlement gesê. Hiermee het hy 'n maatstaf neergelê waarvolgens die Britse bydrae aan lewensmiddele tot sy bondgenote beperk word. Aan die onmiddellike voedselreserwes van die land sal nie gevat word nie, lui die versekering aan die Britse volk.

Hierdie maatstaf in 'n kapitalistiese land kan deur die Suid-Afrikaanse burger bejeën word. Behalwe dat dit Britse tradisie is om sy eie volk sover as moontlik te spaar in tye van oorlog deur liefs die hulpvolkere voor te stoot op die slagveld, moet hierdie aangekondigde voedselbeleid ook toegeskryf word aan die feit dat die Britse kapitalis darem nog dié mate van ewewigtigheid behou het dat hy besef dat hy sy mannekrag vir die duur van die oorlog darem te ete moet gee indien hy iets uit hulle wens te kry.

**GELD NIE HIER**

So 'n beweegrede geld natuurlik nie in Suid-Afrika nie, wie se oorlogsmotief, soos verteenwoordig deur 'n party, in die eerste plaas gerig was op slaafse Empire-diens. By ons bestaan daar dus geen behoudende oorweging soos dié wat Churchill aangekondig het nie. **Vir Suid-Afrika, soos verteenwoordig deur 'n politieke party, maak dit geen verskil of daardie Empire-diens in terme van mannekrag dan wel in terme van 'n selfopgelegde volksvas ter ere van die Empire gelewer word nie — solank dit maar dieselfde lof van Britse staatsmanne inoes. Daarom dat die partypolitieke owerheid in ons land in staat is om 'n dreigement van Amerika dat as ons nie 85 persent van ons voedsel uitvoer nie, hy geen blikkies vir die uitvoer van daardie 85 persent voedsel sal lewer nie, werklik as 'n dreigement op te neem en bereid is om terwille van die blikkies die gevraagde voedsel te lewer, selfs al beteken dit hongersnood in die land!**

Hoe dit ook al sy, die volk van Suid-Afrika sal dankbaar wees as hy maar net hierdie kapitalistiese maatstaf wat in Engeland geld, op homself toegepas kan kry solank hy uitgelewer bly aan hierdie party wat hom van die ander slegs daarin onderskei dat hy op Britse in plaas van Afrikaanse of werkersentiment aangewys is om in die kussings te kom.

# Mense Ryp Vir O.B. se Beleid

Groot moontlikhede vir die Ossewabrandwag in die generaalskap van De Aar, wat 'n baie uitgestrekte gebied dek, word in die vooruitsig gestel deur genl. J. de Vos, stafhoof van die Organisasiehoofkwartier, nadat hy so pas teruggekeer het van 'n besoek aan hierdie omgewing. Genl. De Vos verklaar dat daar oral ondanks 'n drukkende droogte groot belangstelling in sy vergaderings gestel is ook deur mense wat nie aan die Beweging behoort nie. **Hy het ook geleentheid gehad om met buitestanders in aanraking te kom en was verras om te merk hoe hierdie mense die beleid van die Ossewabrandwag — in baie gevalle onbewus — aanhang. Dit is dan ook vanselfsprekend dat groot getalle na die Ossewabrandwag sal stroom sodra hulle kennis maak met die amptelike beleid van die Beweging, wat deur almal aangevoel word as die enigste oplossing.**

Genl. De Vos het in sy toesprake beklemtoon dat daar 'n verandering aan die kom is. Die huidige stelsel van beheerrade ens. is alles voortekens van so 'n verandering. Dit is dus nie meer 'n vraag of daar so 'n verandering sal plaasvind nie, maar hoe en deur wie dit gedoen word. Om te verhoed dat dit 'n kommunistiese verandering sal wees, moet daar in die eerste plaas eenheid onder die blankes van ons land bewerkstellig word. **Dit wil die Ossewabrandwag bereik deur sy parlementêre volksfront wat eers die Afrikanervolk in geheel wil beweeg tot samewerking, waarna ander oplosbare elemente vanself sal toetree.** Die O.B. se beleid was dan nog steeds om nader te trek en niemand weg te jaag nie. So 'n beleid moet lei tot eenheid. **In die tweede plaas moet die partypolitiek omver gewerp word. Daar sal moet weggebreek word van die foute van die oue en 'n nuwe orde gegrond op sosiale geregtigheid moet ingevoer word.**

Genl. De Vos was veral ingenome met die goeie gehalte offisiere wat hy aangetref het. Hy het naamlik ook geleentheid gehad om met die offisiere van die omliggende plekke in aanraking te kom. Op Hopetown by voorbeeld het die kommandant 'n organisasie feitlik uit niks opgebou wat reeds so heg is dat daar geen partypolitieke organisasie meer bestaan nie.

**GESLAAGDE UITSTALLING**

Petrus van Emmenis se tentoonstelling van skilderstukke, in Kaapstad, waarvan daar 'n aankondiging in ons blad verskyn het, was 'n volslae sukses. Die kunstenaar is goed bekend by O.B.-lede vir die mooi kunsstukke wat hy in die verlede aan die Beweging geskenk het.

# Dit Betaal om in Die O.B. te Adverteer

Mev. Sylvia Thomas van Henrystraat, Bloemfontein, skryf: ... ... .

„Ek wil u en u personeel bedank vir die uitstekende dienste aan my gelewer. Talle en talle van my kliënte het ek te danke aan die advertensie wat ek in u blad geplaas het. Ek was vir 'n paar weke op vakansie gewees en intussen het die werk so vinnig toegeneem as gevalg van die advertensie in u blad dat ek nou genoodsaak sal wees om die advertensie vir tyd en wyl te kanselleer".

**Die O.B. is so 'n goeie advertensie-medium dat hy eintlik skade ly daardeur!**

# Die Nuwe Wêreldorganisasie

(Deur Prof. J. A. Wiid)

In sy onlangse verdediging van die Yalta-besluite in die Britse laerhuis het premier Churchill ook 'n paar gedagtes oor die nuwe wêreldorganisasie wat reeds in Dumbarton Oaks ontwerp is, kwyt geraak. Hiervolgens sal die vernaamste las om vrede en veiligheid te handhaaf op die skouers van die grootmoondhede rus. By die samestelling van die nuwe wêreldorganisasie moet daar, volgens Churchill, met hierdie spesiale verantwoordelikheid van die grootmoondhede rekening gehou word.

Die Britse premier se beklemtoning van die „vernaamste las" en die „spesiale verantwoordelikheid" wat op die skouers van die grootmoondhede rus, sowel as sy verwysing na „die moeilike kwessie van stemprosedure," is insiggewend. Dit is duidelik dat die grootmoondhede — daar sal maar glo drie van hulle wees na die oorlog—wat die „vernaamste las" en die „spesiale verantwoordelikheid" dra, ook die hoofseggenskap sal hê. Onder die „moeilike kwessie van stemprosedure" moet ons verstaan die swetterjoel klein staatjies wat die stemvee in die nuwe wêreldorganisasie gaan wees. Elkeen van die drie grootmoondhede t.w. die Sowjet-Unie, die Verenigde State van Amerika en Groot-Brittanje is dan ook op die oomblik besig om soveel van hierdie „stemvee" vir homself te werf as maar moontlik is. Dat dit by hierdie werwing en gebruikmaking van „stemvee" nie die vrye keuse en die vrye wil van die klein volkies is wat die deurslag gee nie, soos die letter en die gees van die Atlantiese Handves in die vooruitsig gestel het, maar die magspolitiek van die grootmoondhede, behoort reeds nou al vir elkeen wat nie siende-blind is nie duidelik te wees. Vandaar dan ook die Yaltabesluit dat verteenwoordigers van al die „Verenigde Volke wat teen 1 Maart 1945 oorlog verklaar het teen Duitsland of Japan en wat die verklaring van die Verenigde Volke se (Yalta) konferensie onderteken het", die komende konferensie in San Francisco sal bywoon. Die konferensie van San Francisco word dus as lokaas en as drukmiddel gebruik teen die klein staatjies wat tot nogtoe probeer het om 'n eie standpunt ten opsigte van die oorlog te handhaaf.

**DIE MOEILIKE KWESSIE VAN STEMPROSEDURE**

Dit is moontlik dat „die moeilike kwessie van stemprosedure" waarvan Churchill melding maak maar waaroor hy geen inligting verstrek nie, hoofsaaklik van tweërlei aard is. Eerstens is waarskynlik die vraag van stemreg in die nuwe wêreldorganisasie. Watter afhanklike of halfoutonome gewestе sal stemgeregtigde lede wees? Sal die verskillende Sowjet-republieke en onmondige Britse kolonies soos Rhodesië of Franse kolonies in Afrika soos Algiers en Tunesië stemgeregtigde lede van die nuwe wêreldorganisasie wees?

Belangriker as die vraag van lidmaatskap is waarskynlik die stemprosedure in die nuwe wêreldorganisasie self. Ons kan aanneem dat hierdie nuwe wêreldorganisasie waarskynlik uit twee dele sal bestaan, nl. 'n vergadering (assembly) waarop elkeen van die Verenigde Volke sitting sal hê en 'n raad (council) waar die drie grootmoondhede die hoogste woord sal voer. Op die vergadering sal beraadslaag en besluit word maar die uitvoering sal by die raad berus. Dit is moeilik denkbaar dat die stemprosedure in vergadering en raad dieselfde sal wees of dat 'n besluit in die een of ander liggaam met 'n gewone meerderheid van stemme aangeneem sal word. Indien dit so was dan sou Churchill die kwessie van stemprosedure nie „'n moeilike" genoem het nie. Dit lyk waarskynliker dat elk van die drie grootmoondhede in die nuwe wêreldorganisasie sy eie magsposiesie teenoor sy medelede sal probeer handhaaf. Dit sal ons dus nie verbaas nie as ons later verneem dat in die vergadering of in die raad van die nuwe wêreldorganisasie 'n besluit b.v. alleen met 'n twee-derde meerderheid of selfs unaniem aangeneem moet word om geldig te kan wees. Dit is in elk geval baie waarskynlik dat die „moeilike kwessie van stemprosedure" by Yalta so gereel is dat die eie belange van elk van die drie grootmoondhede in die nuwe wêreldorganisasie die beste beskerm gaan word. Dat die beste stemprosedure in die geval van werklike en ernstige belange-botsings tussen die grootmoondhede ook maar 'n gebroke riet gaan wees, staan ewewel nou reeds vas.

**DIE POOLSE DEBAKEL NOGEENS**

In Churchill se verdediging van die Yalta-besluite voor die Laerhuis word o.m. die merkwaardige hoop uitgespreek „dat dit vir alle Pole wat onder Britse bevel geveg het, moontlik sal wees om, as hulle dit begeer, die burgerskap in die vryheid van die Britse ryk te verwerf". Vir Poolse patriotte — en Poolse patriotisme kan erg hartstogtelik wees — wat nie kan begryp dat die Britse waarborge van 1939 aan Pole nie meer bestaan nie, dat die Britte in 1945 nog minder as in 1939 in staat is om hierdie waarborge uit te voer en dat die Poolse affêre vandag geen Britse nie maar Russiese aangeleentheid is, sal hierdie aanbod van Churchill verbysterend wees. Vir hierdie Pole wat die magsverskuiwing in Europa nie begryp nie maar Poolse ellende en lyding en die Britse waarborg van 1939 onthou, sal hierdie aanbod van Britse burgerskap en Britse vryheid in ruil vir 'n eie onafhanklike Poolse burgerskap en Poolse vryheid niks minder as grenslose Britse domheid en arrogansie wees nie. Hierdie Pole het seer seker nie in 1939 die wapens teen Duitsland opgeneem nie om Poolse burgerskap vir Britse burgerskap te ruil nie. Dit is alleen Pole wat deur wrede ontnugtering nugter geword het, wat vandag noodgedwonge met 'n knop in die keel en 'n traan in die oog hierdie vernederende en beledigende aanbod van Britse burgerskap sal aanvaar.

**● Sal u ooit u volksideaal bereik as u nie u enigste mondstuk help nie?**


# BELANGRIKE VERGADERING

## Stadsaal, Stellenbosch,

***SATERDAG, 17 MAART***

om 8-uur n.m.

**Sprekers:**

***KOM.-GENL. DR. J. F. J. VAN RENSBURG.***

***ADJUNK-KOM.-GENL. J. A. SMITH.***

**(O.B.-blaasorkes, Kaapstad, sal optree).**

ALLE BRANDWAGTE: OP U POS!

EN BRING U BELANGSTELLENDE VRIENDE SAAM.

# Vrystaatse Vroue Trek Laer aan Valsrivier



*Bostaande foto's is grepies uit die geslaagde vrouelaer wat van 13 tot 16 Februarie naby Kroonstad gehou is.*
*LINKS staan die netjiese noodhulpafdeling wat verantwoordelik was vir die gesondheid van die laer. In die MIDDEL is die ere-wag wat die K.G. by sy aankoms verwelkom het aan die punt van die brug. Saam met die K.G. stap die Hoofvrou, genle. mev. C. Meyer. REGS is die hooftent wat bewaak word deur twee wagte wat flink op hul pos staan.*

## Verslag van Vrouekamp

Die Vroue van Gebied C het vanaf 13 tot 16 Februarie 'n baie geslaagde kamp op die walle van die Valsrivier te Kroonstad gehou. Die hoofvrou van die Gebied, genl. mev. C. Meyer het self die bevel gevoer.

Die Erewag, onder bevel van wag-hoofkommandant D. Wolfaardt, het die kamp bewaak, terwyl die vroue self 'n flinke wag vir diens in die kamp gevorm het onder leiding van hoofkommandante Van der Merwe. Dan was daar 'n noodhulpafdeling, onder bevel van ast.-hoofkommandante Van Rooyen. Drie vroue, ast.-hoofkommandante Groenewoud en Brandwagte Dippenaar en Wernich, was verantwoordelik vir die kokery.

Ds. Bosman van Kroonstad het die opening waargeneem deur skriflesing en gebed, waarna genle. Meyer welkomswoorde tot die 130 kampeerders gerig het, asook die Volksorgoffisier en die Generaal van Generaalskap 7. Spesiaal is verwelkom dr. Jeanne Rousseau van Bethlehem, wat saam kampeer het en vrywillige diens in die Noodhulptent gelewer het.

Die res van die dag was in beslag geneem deur sangoefening, 'n lesing deur dr. Rousseau oor tuisverpleging, en, in die aand die vertoning van die rolprent „Die Ontwaakte Afrikanerdom".

Die volgende dag het die vroue 'n voorlesing gehad deur dr. Meyer, mediese dokter van Kroonstad, sowel as deur dr. Rousseau.

In die middag was daar 'n demonstrasie oor die maak van wolknope deur ast.-hoofkommandante Grobbelaar. Na die aankoms van die hoof van die Volksorgafdeling, genl. G. Cronjé, het hy sy eerste lesing gehou oor die betekenis van volksorgwerk, met 'n voortsetting daardie aand.

Kommandante Prinsloo het gedemonstreer oor die maak van sonhoede, leergordels en ander leer ornamentjies. Die K.G., Adjunk K.G. J. A. Smith, gebiedsgeneraal C. L. de Jager en genl. Kriek van die O.B.-Wag is in die Kamp ontvang. Baie indrukwekkend was die erewag wat die vroue aan die end van die hangbrug gevorm het, die vlagparade en die verwelkoming.

Die A.K.G. het gesê **ons staan op die drumpel van die verkryging van 'n dagpladpers wat van groot betekenis vir die propagering van ons idees sal wees. Ons sal alle middels aanwend om van die Empire-aanhangers ontslae te raak.**

In die aand het die K.G. gepraat, en veral gewys op die groot gevaar van die kommunisme. Die laer is verder toegespreek deur dr. P. J. Meyer, wrn. hoof van die Arbeidslaer.

Die kamp was ook 'n groot finansiële sukses. Die volgende persone wat onkoste gehad het i.v.m. die kamp het hulle tjeks weer teruggegee om in die Noodhulpfonds gestort te word: Ast.-hoofkommandante Groenewoud, £5; hoofkommandant Van Niekerk, £10; kommandant Pretorius, £4 en kommandant Ferreira £7-10-0. Ast.-hoofkommandante Myburgh het as kwartiermeesteres opgetree, en haar baie flink van haar taak gekwyt. Die mooi bedraggie van £81 kon aan die Gebiedsgeneraal oorhandig word om in die Noodhulpfonds namens die Vrouekamp gestort te word.

Spesiale melding moet gemaak word van die uitstekende dienste gelewer deur Ast.-hoofkommandante Ferreira, hoofkommandant Van Niekerk, komdt. Ferreira en die Kroonstad-kommando's.

## Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



Oud-genl. F. A. Coetzee

Is op 4 Nov. 1941 te Mellville, Johannesburg, gearresteer, waar hy 'n generaal van die O.B. was, en geïnterneer. In Aug. 1943 op plaasparool uitgelaat, maar vandag terug in Johannesburg waar hy 'n betrekking kon aanvaar.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

## BOEREJEUG WAKKER OP VRYBURG

Jeughoofkomdt. L. van der Merwe, van Gebied C, maak in sy verslag melding van die uitstaande dienste wat deur die Boerejeug van Vryburg gelewer word. Jeugkomdte. mev. M. C. Wessels hou met behulp van die Boeredogters elke tweede Vrydag, 'n kafee op die dorp (die ander Vrydae hou die vroue-kommando dit). Hiermee samel sy gemiddeld tussen £10 en £12 per maand in. Jeugkomdt. A. B. Wessels is fluks besig om met sy seuns die eie kampterrein te verfraai. Daar word gehoop dat die kaart en transport van die terrein binnekort in die hande van die Boerejeug sal wees.




NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WêRELD

*Kommando*

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2275


*Ondersteun Ons Adverteerders!*


SPRINGBOK MEUBELS

*Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS*

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

*Victoriaweg 171*
*WOODSTOCK.*

Takbesigheid:
Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.
Foon 929.



DEFTIGE SOMERSHOEDE in groot verskeidenheid by

Steyns

Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW



Geleentheid vir GEKWALIFISEERDE Manne




Suid-Afrika ontwikkel snel. Groot naoorlogse uitbreidingskemas deur Staatsdepartemente en nywerheidsondernemings sal nuwe vooruitsigte aan OPGELEIDE manne bied.

Manne en vroue met ambisie het dit reeds opgemerk — hulle berei hulle NOU reeds voor ten einde die betrekking wat welvaart meebring, te kan beklee wanneer die geleentheid hom aanbied — 'n goeie posisie, geld om goed van te leef, veiligheid vir hulself en hul gesinne.

Wat doen U daaromtrent? U wil nie agterbly by jonger, energieker manne nie — en u hoef ook nie. Die geheim van sukses lê in OPLEIDING opgesluit.

U kan vandag die beste opleiding bekom wat nog ooit in Suid-Afrika aan iemand aangebied is — opleiding onder deskundige leiding van voltydse en deeltydse lektore van die T.A.K.K. — Afrika se grootste en suksesvolste korrespondensiekolleges. Honderde studente van T.A.K.K. beklee reeds invloedryke en goed besoldigde betrekkings. U kan in hulle sukses deel as u NOU handel.

*Skryf om PROSPEKTUS en VRY advies vir toekom'splanne.*

TRANSAFRIKAANSE KORRESPONDENSIEKOLLEGES (EIENS) BPK.

Departement O.B.,
Bus 640,
PRETORIA.

waarby ingelyf is Universiteitskorrespondensiekursusse (Edms.) Bpk., Pretoria en Helpmekaar-Korrespondensiekollege T.O., Johannesburg.

6013-1

# Geklassifiseerde Advertensies

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar.)
**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
**Nie deur Kommando** maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
**Adresverandering:** 1/- per adresverandering.

## GEBOORTE

**PRINSLOO.** — Op 23 Fabruarie 1945 is aan mnr. en mevr. I. M. Prinsloo, Bethal, geskenk 'n fris O.B.-seun. Moeder en seun gesond.

**ELOFF.** — Aan Dr .Gerrie Eloff, Johannesburg, maak Naas Prinsloo bekend dat hy ook nou, sedert 23 Febr. 1945, die vader van sy vierde seun geword het.
So lewe die Ossewabrandwag.
Lank lewe ons Kommandant-Generaal.

## VERLOWING

KURSUS **in Huishoudkunde:**—Vir alle jong dames en huisvrouens nou gereed. Kookkuns, Klere Skoonmaak, Huisbestuur, ens., ens. Volle besonderhede van: **Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

## HUWELIK

**TOMLINSON—MARITZ.** — Die huweliksbevestiging van Aletta Amelia (Hetta) Tomlinson, dogter van mnr. en mev. Gordon Tomlinson van Vredefort en Frans (Franko) S. J. Maritz van Standerton vind (D.V.) plaas in die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, op Saterdag, 31 Maart 1945, om 3 n.m. Geen plaaslike kaartjies. Vriende van Vredefort Dorp en Distrik word hierdeur hartlik uitgenooi. Telegramme en gelukwense: Royal Hotel, Potchefstroom (4 tot 5.30 n.m.)

## DOODBERIG

**DE VRIES.** — Na maande van lyding, het korporale Liena de Vries (geb. Botes van die Beaufort-Wes Vroue-Kom., sag heengegaan. Onder moeilike omstandighede was sy getrou. Ons innige deelneming met al haar dierbares. — A11a6.

## SIMPATIEBETUIGING

**COETZER.** — Namens die vroue van F1b7 en Kommandante, getuig ons hiermee ons innige simpatie aan Mnr. L. Coetzer, Koning-Gratz, Bochem, in sy onherstelbare verlies van sy eggenote en ons troue Korporale Lettie Coetzer.

## IN MEMORIAM

**STANDER, VAN ROOYEN.** — 14 Maart 1939. Ses jaar dat ons moeder, Maggie, en ouma, Miemie, so skielik van ons weg is te Oudtshoorn. Niemand ken die stille droefheid en verlange.

Ons sal hul name met eerbied roem,
Al rus hul in die koue graf,
En Gods goedheid altyd roem
Die ons sulke moeders gaf.

— Die verlangende Kinders, P. en M. Möller, Parow.

## GROETE

Brandwagte **BETTIE RAS** en haar Eggenoot, wat onlangs verplaas is na Kimberley-distrik, wil hiermee al hulle vriende in die skiereiland 'n hartlike ,,Totsiens'' toewens.
Lewe die Volksbeweging.

## PERSOONLIK

**ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk.** Fotografiese werk van enige aard. **Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle soort benodighede. **Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.**

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. **The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.**

**PREMIER EIENDOMS AGENTSKAP EN AFSLAERS**
611—612 Groote Kerkgebou — Kaapstad
Foon 2-5970.
Onderneem die verkoop van ENIGE Eiendom, Los Goedere en Lewende Hawe per private onderhandeling of publieke veiling, enige plek in die Kaapprovinsie.
**P. H. OLIVIER — MAKELAAR.**
**J. DE WAAL HENNIG — AFSLAER.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch.

## BELANGRIK VIR BOERE

ONS bied aan:— Kursus in Varkboerdery. Kursus in Skaapboerdery. Kursus in Tabakboerdery. Kursus in Huishoudkunde. Besonderhede van:: **Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

## VAKANSIEPLAAS

Bespreek vroegtydig plek vir u volgende vakansie by Mev. A. BADENHORST, Vergenoegd, Riversdal. Die ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes en billike terme.

## BETREKKING VAKANT

BENODIG. Moedershulp vir tweejarige seuntjie, 1 April. Beginsalaris £5, getuigskrifte noodsaaklik. Skryf aan **Mev. van Zyl, Tulleyallenweg, Rondebosch, Kaapstad.**

BENODIG: Afrikaanssprekende onderwyseres vir vier kinders op plaas.— 3 Sub A en 1 Std. I. Afrikaans medium, Goewermentsleerplan. Begin 9de April 1945. Salaris £15 per kwartaal, met inwoning. Meld kwalifikasies of ondervinding aan: **Mevr. G. Botha, Posbus 36, Somerset-Oos.**

## TE KOOP

EERSTEKLAS **UIESAAD.** Vroeë Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-. Spaanse Bruin, 6/-. Kaapse Strooi, 6/-. Alles per pd. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

GEREGISTREERDE Stoet- en Ongeregistreerde Afrikaner-bulletjies. Mak geaardheid. Goeie kondisie, direk van die veld, goed gegroei en koeie is goeie melkers. Gebrand vir subsidie. Navraag by: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

GEREGISTREERDE Groot Swart Beer. Skalk van Saaifontein, gebore 1 Julie 1943, No. 4676 van Vol. 9. Gewaarborg gesond en in uitstekende kondisie, goeie teler. Prys £12-12-0, gelewer op Tarkastad-stasie. — **S. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.**

GROENTESAAD. — Chantenay en Nanteswortelsaad 12/-. Donkerdetroitbeetsaad 10/-. Australiese Bruinuiesaad 7/-. Almal per pond. 2/- Duurder op halfponde. Spesiale afslag vir meer dan 40 pond. Alles gesertifiseer. K.M.B. Posvry. **Premier Saadkwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

GEURIGE AVOCADOPERE, twee kissies vir 12/6. Spoorvrag betaald. 10 persent gaan vir Noodhulpfonds. — **J. H. Roodt, P.S. Louis Trichardt.**

HEERLIKE vars gesonde tafelartappels teen 30/- per sak van 153 lbs. V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke. Tevredenheid gewaarborg. **S. W. Rabie, Kommandant, Bus 328, Bethlehem.**

MAAK u bye-boerdery lonend deur wetenskaplik-geboude korwe te gebruik. Beskut teen weer en wind met sement-asbesbedekking. Volledige stel £4-10-0. Spesiale afslag vir 5 of meer. Alle toebehoorsels verkrygbaar op aanvraag. Bestel van: **F. J. du Plooy, Posbus 9079, Johannesburg.**

MOOI uitgesoekte Wit Australorp-Hane. Beter hoender as swarte. Ongeveer 8 maande oud, teen £1 stuk. Navraag: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

ONS bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton; Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoorvrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan **Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.**

OPREGTE Boerboel reun, 2 maande oud, ouers baie waaksaam, teen £3. — **J. H. v. d. Bergh, Bus 43, Bothaville.**

TABAK-, Bone-, Erte- en Druiwestokke, ½ tot 1 dm. dik, 5 voet lank, ongebas. Swart wattel of bloekom. £3-0-0 per 1000. v.o.s. Lothair-stasie. — **J. T. Maritz, Lothair.**

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

## WYNE

5 GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 Gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

# GEE VIR ONS VRUGTE !

**Onder die party-bewind van veldmaarskalk Jan C. Smuts het die vrugtebome oënskynlik opgehou om vrugte te dra! En die paar verdwaalde boompies wat nog hul pliggie probeer nakom, kan glo maar net verlepte vruggies aanbied.**

Dit is in ieder geval die enigste slotsom waartoe die vrugtehonger stedeling en dorpenaar kan geraak. Selfs in die Westelike Provinsie, die land van die appelkose, kon die appelkooslus enkel bevredig word deur die weinige gelukkiges wat êrens in 'n groentewinkeltjie twaalf verlepte appelkose teen 'n sjieling kon raakloop.

Daar heers 'n gevoel van wrewel onder die volk oor die misdadige magteloosheid van die Smutsparty-bewind ten opsigte van die versorging van die volk. Die boer hou aan met produseer, maar hy kan eenvoudig nie sy produk aan die man bring nie. Die verbruiker hou aan met smag na die boer se produk, maar puur verniet.— **dit bereik hom nie.**

So 'n toestand kan net bestaan onder 'n kapitalistiese partybewind. In 'n Volkstaat, soos die Ossewabrandwag beoog, waar die versorging van die volk die eerste konsiderasie is, is dit vanselfsprekend onmoontlik.

### MENINGS

Ons het 'n paar gewone mense in Kaapstad genader om te hoor wat hulle dink van die toestand en hieronder plaas ons hulle menings:

● 'n Huisvrou van Woodstock het verklaar: ,,Ek sien skaars vrugte. Gedurende die afgelope week het ek nie eers 'n vrugtekarretjie gesien nie. En as mens nog vrugte kry is dit meesal so oud dat mens nie eers met 'n geruste hart vir die kinders daarvan vrugteslaai kan berei nie. Ek wonder of die boere 'n ½d. per pond vir hul druiwe kry, maar ons in die stede moet 'n sikspens betaal vir 'n paar taaierige trossies. Waarom die middelman ons mense so moet uitroei, kan ek nie verstaan nie.

● ,,Vrugte,'' het 'n Goodwoodse moeder gesê, ,,dis so peperduur dat ek dit nie eers vir my kinders kan koop nie, laat staan nog vir myself. En watse gekopery by die pond is dit dan nou weer,'' het sy daaraan toegevoeg.

● 'n Tikster in die middestad, wat deur 'n verteenwoordiger van *Die O.B.* genader is, het gretig gevra: ,,Verkoop u vrugte, meneer? O ek sal dadelik 'n bestelling by u plaas.''

### TROPIESE VRUGTE

● 'n Jonggetroude mediese dokter het verbitterd uitgeroep: ,,Druiwe! Nee. Maar wingerde kan ek vir jou wys. Die hele Westelike Provinsie is vol daarvan. **Tropiese vrugte is volopper in die Kaap as die vrugte wat in boorde, wingerde en tuine, rondom ons groei.''**

● **Nog 'n tikster het gesê: ,,Ons kry niks vrugte by die deur nie. My mammie moet marktoe gaan as sy iets wil hê. Daar koop sy agt piesangs vir 'n sjieling.''**

● 'n Boekhouer het gesê: Meneer, ek wil asseblief goedkoper vrugte hê. 'n Getroude man in Kaapstad met 'n paar kinders, en wat £35 per maand verdien kan nie bekostig om vandag vrugte te eet nie. **Doen hy dit, speel hy bankrot, doen hy dit nie, speel hy met sy gesondheid.** As dinge nie gou verander nie,'' het hy voorts gesê, ,,weet ek nie wat gaan gebeur nie.''

● ,,Wees gerus, Meneer'', het 'n werktuigkundige gesê, ,solank as wat groot Jannie oorlog maak en klein Jannie belastings invorder sal jy en ek nie vrugte eet nie.''

**'n Groeiende oortuiging neem vandag by ons volk pos dat daar met die kos sowel as met die huise en die klere van die volk gespekuleer word en dat die volk gebrek moet ly ten einde winste in die geldlaaie van woekeraars te stort. Dit is die voorspel tot die ondergang van die kapitalistiese party-staat.**

**Ons volk wil 'n magtige Ekonomiese Front hê om sy stoflike belange te behartig.**

## *LOSIESHUISE SLUIT Weens Kosskaarste*

**Een van die grootste losieshuise in Kaapstad gaan binnekort sluit omdat die eienares dit nie meer oor haar gewete kan kry om haar loseerders te ondervoed nie weens die gebrek aan kos en vrugte. Slegs kamers sal nog verhuur word. Die inwoners aldaar is buite raad omdat hulle nie weet waar om nou te gaan eet nie.**

**Na verneem word is daar nog meer losieshuise wat 'n dergelike stap oorweeg. As in aanmerking geneem word dat losieshuise in baie opsigte voorkeur bo private huishoudings geniet ten opsigte van voedselverskaffing, gee dit 'n beeld van wat die huisvrou vandag in die groot stede moet deurmaak ten gevolge van die onverantwoordelikheid van 'n dwase partybewind.**

**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**
●
**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.**
●
**BESTE HEERSENDE PRYSE.**
●
***MINNAAR & VAN SCHOOR***
**Eienaar: GUSTAV RETIEF.**
**Telefoon 2-0212.**

## VERJAARDAGKETTING

**15 Maart:** Anna Louw, Tamboerskloof; Christine Botha, Stellenbosch; Jacobus Nortjé, Beaufort Wes; Willem Smit, Merweville; Magdalena Coetzee, Wilgenhoutsdrift; S. de Klerk, Groot-drink; Gabriel Luttig, Paarl; Dalena de Jongh, Bellville; Daniel Swanepoel, Tiervlei; Annette Moller, Ceres; Wilma du Plessis, Paarl; Elsie Grobler, Dendron; Jacomina Oberholzer, Vaalkop.

**16 Maart:** Hendrika Opperman, Merweville; Kosie Loubser, Malmesbury; John Freeman, Eppingtuindorp; Theodorus de Koker, Bulwater; Catherina Swanepoel, Baltimore; Lourika Marais, Levubu; Hieltjie Snyman, Rustenburg.

**17 Maart:** Johannes Victor, Beaufort Wes; Catherina Cillié, Wolseley; Roedolf Bainard, Malmesbury; Thomas Wiersma, Rondebosch; Johanna Mostert, Bellville; Pieter Weilbach, Dendron; Pieter Naudé, Bethlehem.

**18 Maart:** Emmerentia Pienaar, George; Marie Theunissen, Duiwekop; Wilhelmina Blumenthal, George; Lynette Heyns, Humansdorp; Jurgens Hanekom, Paarl; M. W. Jooste, Loxton; Beatrice Yonck, Groot Brakrivier; P. Heysbek, Werkmetlus; Dora Meiring, Mamagalieskraal; Willem v. d. Merwe, Rustenburg; Johanna Brink, Wesselsbron.

**19 Maart:** Anna Swart, Aughrabies; Janette Garbes, Beaufort Wes; Anna Steyn, Malmesbury; Marthinus Ferreira, Humansdorp; Hannaleen le Roux, Bellville; Johanna Bergh, Aughrabies; Josua Dykman, Noord-Paarl; Engela Dekker, Parow; Hester Grobler, Doornboom; H. van Vollenhoven, Bethlehem; Jakobus Rahl, Utrecht .

**20 Maart:** Antonie Victor, Merweville; Anna Symington, Sutherland; Etresca v. d. Vyver, Bedford; Jan Young, Houtbaai; Sakkie Burger, Brandvlei; Jacobus Keyser, Loxton; Juliana Kruger, Groblershoop; Marie Nel, Carnarvon; Maria Calitz, Kirkwood; Jurgens Schreuder, Bloemfontein.

**21 Maart:** Hildegarde Fobian, Stellenbosch; Johanna du Plessis, Paarl; Elizabeth v. Zyl, Springbok; Jacobus Yonck, Groot Brakrivier; Frederika Venter, Derby; Johanna Ströh, Rustenburg; M. Meyburgh, Rashoop; M. Roux, Mamagalieskraal; Nicolaas Grobler, Koedoeskop; J. Jordaan, Wesselsbron; C. Francina Malherbe, Roelofskamp; A. Rall, Utrecht.

● **Dink daaraan:** Is dit nie u plig om besighede aan te spreek as hulle net u geld vat en nie ook in Die O.B. adverteer nie.